# Alfa Romeo

## Klub van Pretoria

## Club of Pretoria

## ARCOP

# Veloce

Nuusbrief / Newsletter
2024/08




## ARCOP Baandag / Track Day 2024!

## *Komitee/Committee 2024*

**Voorsitter:**
Frank Boontjes 082 9686227
frankboontjes@gmail.com

**Tesourier**
Nielen Burger 083 3003409
staalburger80@gmail.com

**Regalia**
Frank Boontjes 082 9686227
frankboontjes@gmail.com

**Ledesake:**
Hendri du Plessis 083 6332444
hendri@qpsbrokering.co.za

**Byeenkomste:**
Ewan Botha 083 2984480
bothaewan1@gmail.com

**Addisionele lid:**
Gerhard van der Merwe 083 7214130
gerhard@turbonutter.co.za

**Nuusbrief:**
'Alet Erasmus 0827889108
alete@kleinfontein.net

**Webmeester:**
Ryan Young helpdesk@firehouse.co.za

**ARCOP Bank besonderhede:**

**CAPITEC** Savings Rek nr 1355340223

**Inhoud / Contents**


| | |
|---|---|
| Voorsitter | 3 |
| Redakteur | 4 |
| Byeenkomste | 5 |
| Noggin | 9 |
| Cars in the Park | 13 |
| Baandag / Track Day 2024 | 20 |
| Wierdest F1 Engin ever | 27 |
| Te Koop / For Sale | 28 |
| Lag - 'n – Slag | 31 |


**VERGADERINGS / MEETINGS**

.

Die Klub vergader **elke DERDE Donderdag van die maand**, om 19:00 vir 19:30 by, Keunigstraat 180, Silverton, Pretoria. The Club meets **every THIRD Thursday of the month**, at 19:00 for 19:30 at 180 Keunig Street, Silverton, Pretoria.

**VRYWARING / DISCLAIMER**

Die opinies wat in hierdie nuusbrief verskyn is nie noodwendig die van die klub nie. Die klub aanvaar geen verantwoordelikheid vir die korrektheid van tegniese data of prosedures wat gepubliseer word nie.

The opinions expressed in this newsletter are not necessarily those of the club. The club accepts no responsibility for correctnes of technical date/procedures which may be published.

## *ARCOP Voorsitter se storie ..........*



Frank Boontjes

Goeie dag aan ons Alfa Romeo familie!

Hier is ons nou in Augustus en ons het Cars in the Park en Baandag agter die rug. Dit was behoorlik ‘n geskarrel om alles gedoen te kry, maar ek maak dit as ‘n groot sukses af.

Stellantis en Supergroup is behoorlik gelukkig met die wyse wat ons dit hanteer het. ***Ek wil graag die komitee en klublede wat betrokke was bedank vir die toewyding en ondersteuning***. Hendri het ons almal gevoed en gesorg dat ons nie ontwater nie, dankie daarvoor. Nielen, Ewan en Hendri het registrasie beman en André en sy spannetjie by scrutineering het hul pragtig van hul taak gekwyt. Dankie Carlo vir jou hulp en bystand daar ook. En dan Gerrit Falling, jy is n yster! Jy het baie verrig en ons is dankbaar daarvoor. Regalia het gekook en ons het ‘n baie goeie dag daar ook gehad. So aan almal ***wat betrokke was met Cars in the Park en Baandag (ook die agter die skerms)***, well done en baie dankie. Koos Steenkamp en gade, baie dankie vir jul hulp en belangstelling. Heins Katzke, dankie aan jou ook.
As ek iemand gemis het vra ek om verskoning, ek is mal besig by die werk en verkoue het my beet. Maar ek is trots op ons klub en komitee dat ons dit kon vermag in die kort tydjie wat ons gehad het om alles te finaliseer.

***Baie dankie aan ons borge , Turbonutters (Gerhard en Chrissie) , AR Restorations (Gavin en Herman Grunder , Botha Boerdery ( Ewan) en Tonway Tyres***. Ons bedank julle en hoop julle het waarde gekry.

Vriendelike groete!

Ciao



## Uit die Redakteur se pen ..........



Augustus was bedrywig met ons eerste byeenkoms...... by die jaarlikse Cars in the Park gevolg deur die lang verwagte Baandag 2024! Baie dankie vir almal wat foto's deurgegee het. Hierdie uitgawe van die nuusbrief bevat oorwegend foto's spesiaal vir die wat nie hierdie jaar die twee byeenkomste kon meemaak nie.😊

Julle is steeds welkom om foto's van jou Alfa (met 'n storie) in te stuur vir die nuusbrief!


Soos altyd, sorg Corrie vir die tegniese artikel.

Die jaar stap nou vinnig aan na sy einde! Kry solank wit olifant items asook nie bederfbare produkte vir die inwoners van Paul Jungnickel Tehuis bymekaar wat ons in November gaan oorhandig.

Kom kuier saam by die noggin en gesels saam oor die afgelope twee uitstaande byeenkomste!

Alfa Romeo ……….. gister, vandag …………….vir altyd!

'Alet Erasmus



## ARCOP Byeenkomste / Events vir 2024

| Datum | Byeenkoms | | Plek |
|---|---|---|---|
| 15/08/2024 | Noggin | | Klubhuis |
| 19/09/2024 | Noggin | | Klubhuis |
| 25-27/10/2024 | Wegnaweek | | |
| 24/11/2024 | Paul Jungnickel Charity Run | | |
| 08/12/2024 | Jaareind funksie | | |

**PAUL JUNGNICKEL TEHUIS**

Klere, skryfbehoeftes, toiletware, nie-bederfbare kos, medisyne soos pleisters, verbande, kombuis skoonmaakmiddels ens ens.
Bring asb saam na elke NOGGIN of tussendeur kan dit by Turbonutters afgelewer word.

## Aan stuur van sake ……….

***Alhoewel daar verskillende portefeuljes is, word daar altyd as 'n span saamgewerk vir die uitbou van ons Alfa Romeo handelsmerk! Komiteelede is klublede …………. Deel van die familie.***

## <u>Tesourier: Nielen Burger</u>

**Ledegeld vir 2024**

R500-00

**NB Elke lid moet elke jaar die registrasie sowel as die vrywarings (indemnity) vorm voltooi asseblief**.

***Die registrasievorm gaan saam met die ledegeld betaling, maak dus seker dat beide gedoen is.***

***Wanneer jy betaal en geregistreer het, ontvang jy jou lidmaatskapkaartjie.***

**Dit is belangrik om elke jaar heraansluiting te betaal om sodoende ook te kan kwalifiseer vir jou 10jr, 20jr en 25jr lidmaatskapbaadjie. Indien jy ‘n jaar van registrasie oorslaan, moet jy weer van vooraf begin jare “bymekaar maak” om te kwalifiseer daarvoor.**

**ARCOP's banking details**

**Membership fees for 2024 – R500🍀**

**ARCOP**
**Capitec Savings**
**1355340223**
**Branch :470010**

**ARCOP LEDE PUNTE TELLING**

**Iets meer oor die puntetoekenning. Indien jy ‘n foto tydens ‘n noggin of byeenkoms neem en dit instuur, kan jy 2 (twee) punte verdien!**
**Wanneer jy Noggin bywoon, 3 punte! Vir die bywoon van ‘n Event, 4 punte!**

| | |
|---|---|
| Bywoon van noggin | 3 |
| Bywoon van byeenkoms (event) | 4 |
| Deelname aan byeenkoms bv baandag, gokart, spit&polish | 5 |
| Self geskryfde artikel | 3 |
| Reeds gepubliseerde artikel, m.a.w. copy&paste | 1 |
| Foto vir nuusbrief | 2 |
| Werf van ‘n nuwe lid (wat aansluit) | 5 |

Elke maand word die punte opgetel en aan die einde van November word daar met behulp van die jaar se puntetelling, die trofee vir Klublid van die Jaar asook Komiteelid van die Jaar uitgeloof

Gevolglik kan jy ook elke maand by die Noggin die puntelys bestudeer wat Hendri (ledesake) op datum hou.

**WISSELTROFEES**




Daar is vier wisseltrofees wat maandeliks na een of meer klublede toe gaan.

1. Aansporingstrofee
2. Puntetrofee – Word volgens punte verdien tot op datum bepaal. Punte toegeken volgens  bostaande tabel (bywoning van byeenkomste, noggin ens)
3. Trofee vir persoon wat iets besonders vir die Alfa Romeo handelsmerk en/of klub doen.
4. Booby trofee – vir klublid wat iets ongewoon of snaaks oorgekom het.




Arnold Chatz, Alfetta Kyalami 1974 - Emil Sluiter

# Lief en Leed

## Verjaarsdae en herdenkings

AUGUSTUS 2024

Lede:

- 9 Frank Boontjies
- 19 Nielen Burger
- 20 Rihan Serfontein

Gade:

- 12 Jackie Labuschagne
- 23 Leonie vd Merwe

Herdenking

18 Nick & Mariaan Booysen

**Jacques Labuschagne** sterk tuis aan na afloop van sy rugoperasie. Onder omstandighede gaan dit goed.

Spoedige herstel toegewens aan **Annemarie Grobler** wat ook 'n rugoperasie ondergaan het.

**Laat weet asb indien jy kennis dra van klublid en/of sy/haar gade wat ongesteld is of wanneer jy goeie nuus het om te deel.**

*Ons sê ook weer baie dankie aan die volgende borge betrokke by die Baandag:*

*Turbonutters – Gerhard vd Merwe*

*Ewan Botha*

*Frank Boontjes (Dunlop bande)*

*Gavin Grunder*

# *Noggin 20 Julie 2024*

Donderdag, 20 Julie was geel ingekleur op die parkeerterrein van die ARCOP! Ewan het sy geel Mito kom wys! Die twee geel Alfa's langs mekaar het behoorlik die aandag getrek!




Pizza was op die spyskaart!







Frank kry sy spreekbeurt as voorsitter om van die laaste inligting deur te gee voor Cars in the Park en die ARCOP Baandag.









Henriëtte en Charlene



Koos en Paul







Gerhard en Krissy





Frank, Koos en Paul

Foto’s: Heinz Katzke

# *Cars in the Park 2024!*

Cars in the Park het op Sondag 4 Augustus plaasgevind.  ‘n Pragtige sonskyndag!



Zwartkops vroegoggend reeds ‘n bedrywigheid!



Die regalia tafel gereed vir aksie!



Hier gaan gekuier word! Nick, Nielen, Paul en Hendri is oorgehaal!



Paul Jnr (van Kaapstad) is links op foto en Paul se oudste seun Louis is regs met klein Daniël.









Die Alfa’s netjies uitgestal!










Natuurlik is daar gebraai!






‘n Viervoetige besoeker.







Rémond Hattingh en sy dogter.



Heinz, Donsie en Marius




‘n Antieke voertuig op die Zwartkops baan.



Johan de Villiers in ontspanne luim.

Foto’s: Heinz Katzke, Nick Booyens, Frank Boontjes, Rémond Hattingh, Paul Schoeman


# ARCOP Baandag/Track Day, 11 Augustus 2024!

Na baie rondhardloop, korrespondensie, vergaderings en telefoonoproepe,  is die baandag aan die gang gesit.  Borge is gewerf uit eie geledere en Super Group Dealerships en Stellantis SA, het die baandag finansieel moontlik gemaak.  Intussen is weggespring met al die nodige reëlings rondom die baandag!  Regalia moes gereed wees vir die groot dag.


Vroegoggend van 11 Augustus het die manne reggestaan by Zwartkops renbaan om die dag se deelnemers en toeskouers te ontvang.






Regaliatafel




Alfa’s in die kuipe gereed om die baan te betree.


TEL: 012 546 0545/9
www.pretorianoordtoyota.co.za


Castrol



Ewan, Anien en Ivan




Ewan by sy geel Mito, “Tweety”



Ivan








BRIDGESTONE












Baie dankie aan elkeen wat gehelp het, wat die baandag moontlik gemaak het en wat die dag saam met ARCOP kom geniet het!

*Foto's: Frank Boontjes, Johan Minnie, Ewan Botha en Carlo van der Merwe*

# *The Weirdest F1 Engine Ever*



Corrie de Wilde


The Weirdest F1 Engine Ever — BRM's P75 H16 Double Flat-8

By **GREG ACOSTA**

In order to both answer the obvious question while intriguing you enough to continue reading, the engine we're talking about is an H16 — that's "H" like the letter, not "H" as in short for horizontal (but it is a horizontal engine). The H16 is essentially two flat-eights on top of each other. Why would someone do that, you might ask? Well, read on.

After a successful few seasons in the pinnacle of motor racing, British Racing Motors (BRM) was looking to continue their winning ways in the 1966 season. However, there were some new rules to play by. Instead of the 1.5-liter maximum displacement allowed in the series, the new regulations allowed for a supercharged 1.5-liter engine or a naturally aspirated engine of 3.0 liters of displacement. This left BRM in a quandary; supercharge their successful 1.5-liter offering, or design an all-new, larger engine.

They chose the latter, kind of. The keen-eyed mathematicians reading this might have already figured out that 3.0 liters is exactly twice the displacement of 1.5 liters. So, rather than start with a clean sheet, BRM decided to take two of their proven engines, flatten them out to 180-degree bank angles, stack them on top of one another, join them at the crankshaft, and not only come up with a new 3.0-liter engine for the 1966 season, but an entirely new engine designation.



**The H16 sounded simple in it's concept. Take the championship-winning 1.5-liter V8 engine, lay it flat, and then stack two on top of each other for a championship-winning 3.0-liter engine. Simple as baking a pie, right?**

The odd configuration had an even odder crankshaft arrangement. First was the fact that there were two independent crankshafts, which were connected together via gears in a common crankcase (an interesting way around a single-engine rule). Second, was the fact that each crankshaft was a flat-plane design, and the crankshafts themselves were phased 90 degrees apart. That meant that at any given combustion event, there were four of eight pistons at TDC, and combustion was taking place in two of those cylinders simultaneously.

Like its predecessor, the P56, the BRM H16 P75 had a dual overhead camshaft, two-valve-per-cylinder configuration in early versions of the engine. Later, it was converted to a 64-valve setup, giving each cylinder a pair of intake and exhaust valves. The engine's rating these days seems to hover at 400 horsepower at 10,000 rpm. However, questionable power figures were the least of the H16's concerns.

The crazy crankshaft configuration and the subsequent ignition sequence meant the inherent balance of the engine made a paint shaker look smooth. The immediate fix was bolt-on counterweights that turned the engines into centrifugal cannons when the weights inevitably detached from the crankshafts, usually at the most inopportune times. A cross-plane crankshaft was developed to try and fix this, but it was too late, as the engine's fate was sealed.

However, it wasn't a total failure, garnering one win in it's short life, at the U.S. Grand Prix, no less. The additional pair of valves later in it's three-season lifespan (only two of which were in Formula 1) are purported to have only added somewhere between 5 to 20 peak horsepower, at 10,500 rpm.

So whether you consider it a failure or a success, the engine sure is an interesting design from the annals of race engine history. And, according to the people who worked on the project, was a fun challenge for them to undertake.

# *Te Koop / For sale*





FOR SALE....
Alfa 164 QUQDRAFOLIO 3.OL 24V (1993)
History....i own this car for 27 years which i have driven it for 5 years...stood for 22 years in workshop...
Unfinish project....
Engin completely rebuild including....heads flown on flowbence ,GTA cams fitted ,engin completely balance ,TNT branches.
Needs to be done....exhaust system ,TLC and refit in engin bay...minor scatches and marks on bodywork ,tyres new.
164 quadrafolio history  ...total of 167 were produce including 6 speed 4 wheel drive and 5 speed front wheel drive...power delivery ...171 kw....rear active suspention....bodytrim and interior luxury to produce one of the top sedans in its era with superb performance ,style and handling.
1993 only 18 of these units were imported to South Africa and launch price was set on 265k....3 of those units color were gun metal....current market benchmark on value will  be Europe or England and trading value range between 20k to 22k euros.
If any person is intrested in purchasing this car...make a vaible offer....
PM me on 0735520067....Gerhard






HF805
XL
EXTRA LOAD



# *Lag - 'n - Slag*


Laat nie dat negatiewe dinge my afbreek nie. Braai gaan ek braai!
99.99
79.99
79.99
79.99
85.99


ALL I COULDA FORD
ATM


Dodging
Potholes
Not Drunk

# ADVERTENSIES

## Ons Klubhuis is nou by .........

**TurboNutters cc.**

*180 Keunigstraat, Silverton, Pretoria*
*Tel : 012 325 8739 / 012 326 4713*
*Sel : 083 721 4130 Gerhard*
*Epos : gerhard@turbonutters.co.za*

*Trustworthy Repairs on all Motor Vehicles*



**Advertensiekoste**

| | |
|---|---|
| *⅛ blad* | *R 50-00* |
| *¼ blad* | *R 80-00* |
| *½ blad* | *R100-00* |
| *Volblad* | *R200-00* |